In memoriam: J.C. Kannemeyer, gebore 31 Maart 1939 op Robertson, oorlede 25 Desember 2011 op Stellenbosch

J.C. Kannemeyer (1939-2011) se enorme bydraes tot die studie van die Afrikaanse letterkunde is bekend. Nog vir baie jare sal sy literatuurgeskiedenisse 'n standaardbron vorm en sal sy groot biografieë gelees word. Sy dood op 25 Desember 2011 was egter ook 'n slag vir die Neerlandistiek in Suid-Afrika.

As jong dosent by die Universiteit van Kaapstad het hy hom ingegrawe in die historiese letterkunde waar hy ook vir Engelstalige dramastudente klas gegee het oor Middelnederlandse stukke. Sy *Nederduitse digkuns*, 'n boek oor die 17de-eeuse poësie, is vandag nog net so bruikbaar as handboek as by die verskyning in 1973.

Met sy werk aan *C. Louis Leipoldt, Versamelde gedigte* (1980) het hy aansluiting gevind by die Nederlandse edisie-tegniek wat besig was om na 'n hoogtepunt te ontwikkel. Die werk van A.L. Sötemann en Marita Mathijsen is só deur hom deel gemaak van die grondslag wanneer heruitgawes van klassieke Afrikaanse skrywers met respek aangepak word, iets wat egter sukkel om in ons uitgewerswese inslag te vind.

Sy *Figuur en fluit, Mathinus Nijhoff en D.J. Opperman se opvattinge oor die literêre kunswerk* (1992) illustreer sy konstante bewustheid van die Nederlandse konteks en die altyd aktiewe "mistieke band" (Totius) in 'n breë Nederlandse taalgebied waarvan Afrikaans deel uitmaak. Deel van die verrassings in sy postuum verskene J.M. Coetzee-biografie is sy aanwys van juis hierdie soort verbande tussen die se werk en onder meer die poësie van Gerrit Achterberg.

Aan *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans* was hy 'n entoesiastiese medewerker en 'n stem wat ons sal mis.

Wium van Zyl